

Tema God se roeping aan Sy kinders in ons land vandag

Welkomsgroet

Afkondiginge

Begin en seëngroet

Sang: Lied 464 vers 1 en 4

Gebed

Skriflesing: Jeremia 1 vers 4 – 10

Sang: Lied 442

Huis-toe-gaan-vers : Jeremia 1 vers 7 en 8

Die tydvak hier tussen Pinksterfees en die eerste Sondag van Advent staan bekend as Koninkrykstyding. Dit is die tydvak waarin die kerk op sy roeping as God se kerk in die wêreld fokus. Dit gaan oor die opbou en die uitbou van God se koninkryk in die wêreld. Die afgelope paar Sondae het ons stilgestaan by ons roeping as God se kinders in hierdie wêreld. 'n Roeping wat by jou en my as mens begin. Ek herinner julle graag weer aan Jesus se woorde:

“En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuigenis kan hoor.” Matteus 24:14

“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels...” Matteus 28: 19)

“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.” Handeling 1:8

Hierdie is geen nuwe opdrag nie. Hierdie opdrag kom eeue aan. Dit was van die begin af die kerk se opdrag. Vir Adam en Eva het God gesê: Pas hierdie tuin op soos Ek dit van julle vra. Vir Abraham het God gesê: Ek maak van jou 'n seën vir al die nasies. Dwarsdeur hierdie Bybel bly dit die kerk se opdrag. Ook vandag. Hier. Nou. Ons sal nooit hiervan vrygestel word nie.

En deur Jeremia se roeping kom die Here en skerp ons ook hieroor op vanmôre. Kyk net wat staan hier in vers 5: “Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken: voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel.” Aangrypend! Iemand, ek weet nie wie dit was nie, het gesê: God is ons altyd 'n paar tree voor. Niks is vir Hom 'n verrassing nie. En dit is so waar. Ook in ons lewens. Nog voor die Here vir Jeremia die opdrag gee om Sy boodskapper te gaan wees, sê die Here vir hom: Jeremia, Ek weet wat jou reaksie op My woord gaan wees, maar weet jy “Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken... [vers 5].

Ek wonder baie dae of ons as God se kinders en as God se gemeente, regtig besef wie, wat en hoe God werklik is. Ek dink nie so nie. God buig hier af, soos op baie ander plekke in die Bybel, na 'n mens toe met die woorde: “Ek wil hê jy moet my boodskapper gaan wees onder die mense na wie ek jou stuur. Ek het lank gelede jou reeds hiervoor gekies. Intendeel ek het vir jou reeds voor jou geboorte hiervoor opsy gesit. Ek weet jy wil dit nie doen nie, maar dit is my pad vir jou.” Wie van ons kan dit werklik begryp? Ook vandag nog buig God na ons elkeen toe met die woorde: “Ek wil graag hê dat jy my boodskapper in hierdie wêreld moet wees.” En die vraag bly: Wat maak jy hiermee, my liewe mens?

Maak ons nie ook maar soos Jeremia en kom met allerhande verskonings nie. Of soos Moses: Here, ek hakkel. Kies iemand anders. Of hardloop ons nie ook maar weg van God af soos Jona - sommer land uit nie? Natuurlik maak ons net so. Wat maak God met Jeremia? Hy vererg hom nie en skryf nie vir Jeremia summier af nie. Ons sou. Nee vol

liefde en met 'n sak vol genade sê die Here vir Jeremia in vers 7: "Jy moenie sê: "Ek is te jonk nie" nie. Jy moet gaan na wie toe EK jou stuur, en alles wat EK jou beveel om te sê, moet jy sê." En hiermee sê die Here vir hierdie onwillige mens: Los alles vir My. Gee jou swakheid vir My. Gee jou besware, gee jouself, gee dit alles vir My. Ek sal sorg. Ek sal vir jou die pad wys. So onderskep God Jeremia se besware. Selfs die mense se reaksie op Jeremia se boodskap wat God hom oplê, word nou al onderskep. Die mense na wie God vir Jeremia stuur, is Israel – God se mense. Maar hulle leefstyl en hulle lewens was totaal en al verrot gewees. Hulle lewens het nie die storie vertel dat hulle aan God behoort nie. Hulle was korrup. Hulle het deelgeneem aan die heidennasies se praktyke soos die bring van kinderooffers in die Hinnom vallei. Hulle het afgodsbeelde die tempel ingedra en aanbid. Hulle huwelike was flenters. En Jeremia word geroep om dit alles aan te spreek, uit te roei en dit af te breek. En wanneer dit gebeur - die dag wanneer alles wat God se volk in hulle verhouding met Hom so besoedel, vernietig is, sal God weer Sy koninkryk opbou. Wat 'n opdrag! Die Here gee selfs vir Jeremia 'n ongelooflike belofte: "Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou. Ek sal jou red." [Jer 1:8] En so neem God se woorde Jeremia se lewe oor. Dit kom lê hierdie geweldige opdrag op sy skouers. Dit stuur sy emosies. Dit rig sy lewe. Dit vorm sy karakter. Dit neem besit van sy hele mens-wees.

Onthou jy die engel se woorde aan Josef met Jesus se geboorte in Mattheus 1:23? En onthou jy wat Jesus vir Sy dissipels gesê het toe Hy hulle uitgestuur het in Mattheus 28:20? Ons leef vandag in 'n land met baie aggressie, stakings, korrupsie en geweld. 'n Land waarin standbeelde met verf bespuit word en afgebreek word. 'n Land waarin kerklosheid en kerkloosheid hoogty vier. Elkeen het sy eie verskoning vir sy optrede. Die meeste hiervan is niks seggend, vlak, vol selfsug en selfgerigtheid. Die vraag bly: Hoe sien jy God se opdrag aan jou as Sy kind vandag in ons land? Hoe hanteer jy dit? Staar jy vol verskonings eerder op die kantlyn en toekyk – so asof dit nie jou verantwoordelikheid ook is nie?

Miskien lê die probleem by jou eie siening oor wie nou eintlik die geroepenes in die kerk is: die dominees, die sendelinge, hulle wat vir die Here werk? Ons is almal geroepenes. Ons het vandag die opdrag om steeds alles af te breek wat anti-God en anti-kerk en anti-leef-vir-Jesus is. En dit is baie. Dit is geen maklike pad nie. Ons roeping as gemeente waarborg ook nie 'n maklike pad nie. Daar is baie opdraandes en baie slaggate op hierdie pad. Maar omdat dit nie meer jou pad is nie, maar die Here s'n, waarborg Hy vir jou dat jy nie alleen is nie. Hy loop die pad saam met jou. Hy is voor jou. Hy is agter jou. Hy is bokant jou, langs jou en onder jou. Maar bo alles is hy binne-in jou. Glo dit! Los ook jou besware en verskonings by Hom wat jou roep en wees gehoorsaam aan jou roeping as Sy kind.

Daarom wanneer jy jou hand na 'n stukkie brood uitsteek en 'n klein kelkie wyn neem, kom sê jy nou vir die Here: Here, ek aanvaar opnuut my roeping as U kind en kerk. Here, U opdrag is my mens-wees. Hier is ek nou, Here, stuur my. Dankie dat U by my is en by my bly soos wat U belowe het.

Nagmaal
Gebet
Dankoffers
Sang Lied 599
Uitstuur en seën